Nuwe maan feeste

G. J. Du Preez 072 1876 076

Die nuwemaan feeste

Ek begin eers met die Strong verwysings nommer H 2320. wat willekeurig gebruik is in die King James Skrif wat billik reg is, want dit gee vir ons deur dat dit maand, maande en maandeliks beteken. Hulle het die H 2320 tweehonderd en ses keer gebruik soos bo genoem, maar as jy verder die H 2320 naslaan kry jy 19 keer dat hulle dit ook gebruik as "maan" is met die Joodse gekrap.
Ek skop af met verse uit die Skrif wat ek wil aanhaal, en op sekere woorde attent wil lê, dan oorgaan na die maan-aanbidding.
In Gen.1:14 skep YAH "**ligte**" aan die uitspansel (hemel) om skeiding te maak tussen dag en nag en so ook dat hulle daar "**moet**" wees as tekens vir "**vaste**" tye, asook vir dae sowel as jare. Bo en behalwe die take moes die ligte dien as ligte van die hemel om die aarde te verlig. In vers 16 lees ons dat YAH voltooi wat Hy in vers 14 gesê het dat daar twee soorte "ligte" sal wees. Die groot lig wat die son is om gedurende die dag lig te gee op die aarde en die sterre wat die klein lig is wat gedurende die nag vir die aarde lig sal gee. Kyk gerus wat en hoe dit in die King James Skrif staan: **Gen 1:16** And ~~God~~ Creator 430 made6213 (853) two8147 great1419 lights;3974 (853) the greater1419 light3974 to rule4475 the day,3117 and the lesser6996 light3974 to rule4475 the night:3915 *he made* the stars3556 also.

Let mooi op dat "*he made*" skuins gedruk is, want oorspronklik hoort dit nie daar nie. Dus is "*he made*" deur vertalers ingeplaas. Let ook op dat "also" nie 'n verwysings nommer het nie (*Wat ook 'n aanlassing moes gewees het*). M.a.w. die vers moet as volg so lyk: *En YAH het die twee groot ligte gemaak; die groot lig* (son) *om oor die dag te heers, en die kleiner lig* (sterre) *om oor die nag te heers: die sterre.* Nêrens gaan jy lees dat YAH die "maan" aangestel het as 'n lig of ligbron oor die nag nie (Jer.31:35).

Kom ons gaan terug na vers 14. YAH stel dit duidelik dat die ligte "lig" moet gee en waarvan die maan slegs lig kan weerspieël. Die volgende vereiste van YAH was dat die ligte moet dien as "tekens" wat gebruik kan word om tyd en tye te bepaal waarvan die maan nie gebruik kan word nie, want dit is 'n bewegende "planeet" met onvaste verskynings. Dit begin as 'n piesang vorm en eindig in 'n piesang vorm. Soms verskyn dit deur die dag saam met die son (*Dus sal dit nie in die nag sigbaar nie*). YAH het ook gesê dat die ligte 'n "*vaste*" teken moet wees waarvan die maan nie vas is nie. Die son en die sterre is daar waarvan hulle al YAH se opdragte kan uitvoer (*Hetsy in die dag of nag*). Deur die sterre kan jy noord, oos, suid en wes bepaal of tyd en tye. Daar is soveel sterre stelsels soos die Suiderkruis en andere wat jou in die nag in 'n sekere rigting kan laat stap. Die son bly in sy baan en so ook die sterre oor die stilstaande aarde, behalwe die maan*(Die hemel liggame kan en mag nooit verander nie, want hulle bly gehoorsaam aan YAH se opdragte*).

Nou die volgende scenario.

Duidelik sê YAH dat ons nie die son, maan, sterre, ens mag aanbid behalwe vir Hom nie. Nou hoekom sal ons as die uitverkore die maansiklus volg om YAH te aanbid? Hoekom sal ons elke 29 dae in die nag na YAH gaan om te bid? Die Skrif praat van hoogtes (2 Kon.35:5) wat die afgod-priesters na gaan om die maan te aanbid. Die hoogte beteken (kerke) aanbidding plek soos ‘n hoë gebou, waarvan hulle op die dakke klim om te sien wanneer die piesang maan te voorskyn kom. Ons wat kinders van die Lig is, hoekom sal ons in die nag wanneer die maan nou vol is YAH aanbid, kan ons dit nie eerder doen gedurende die dag nie? Elke maand het ‘n nuwe maan (*op onvaste tye*), maar elke seisoen het ‘n nuwe maand. Sal ek nou die maan dophou of sal ek eerder die nuwe maand van die nuwe seisoen doen?Sal ek nie eerder vir YAH vra dat Hy my oes op die land sal seën vir die nuwe tydperk as om vir die maan ramshoring te blaas!

Hedendaagse mense verstaan nie die mense in die Skrif tydperk se verduideliking van tyd en tye nie. Hulle verstaan nie dat daardie mense nie horlosies en ander goeters gehad het om hulleself te plaas in tyd of plek nie. Hulle het bv. gepraat van ‘n Sabbatsreis, nuwemaan, volmaan of son ure wat op Agas se sonwyser gewerk het (Jes.28:8).

Ons blaas bv. ramshoring op ons feeste gedurende die dag en nie gedurende die nag nie. Ps.81:4 staan: *Blaas die basuin op nuwemaan, op volmaan vir ons feesdag*. Die antwoord lê in die volgende twee verse nl: *2 Kon.4:23 En hy sê: Waarom gaan jy vandag na hom? Dit is geen nuwemaan of sabbat nie. Spr.7:20 die geldbeurs het hy met hom saamgeneem, teen die dag van volmaan sal hy eers tuis kom.* M.a.w. eers na 29 dae wanneer die maan weer gesien kan word sal hy eers kom. Elke dag het tog ‘n nag. M.a.w. as die maan vol is verwag hom more (*Die mense in daardie tyd het nie gedurende die nag getrek nie weens rowers en roofdiere*).

Nou gaan ek ‘n klompie verse uithaal en die “mane” uitwys wat “maande” moet wees volgens H 2320.

Num 28:14…. *Dit is die brandoffer by elke ~~nuwemaan~~,* (Seisoen vernuwing) “<u>nuwe maand</u>” *vir die maande van die jaar* (elke derde maand is ‘n seisoen vernuwing wat ‘n nuwe tydperk en ‘n feesdag is).
Jes. 66:23 *En elke maand op die ~~nuwemaan~~* (Seisoen vernuwing) “<u>nuwe maand</u>” *en elke week op die sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor My aangesig, sê YAH (* Gedurende die dag voor YAH se aangesig).
Eseg. 45:17 *En op die vors rus die verpligting van die brandoffers en die spysoffer en die drankoffer op die feeste en op die ~~nuwemane~~* (Seisoen vernuwings) “<u>nuwe maande</u>” *en op die Sabbatte, op al die feestye van die huis van ~~Israel~~ Yashar’EL;*

Eseg. 46:1 *So sê Meester YAH: Die poort van die binneste voorhof wat na die ooste kyk, moet gedurende die ses werkdae gesluit wees; maar op die Sabbatdag moet dit oopgemaak word; ook moet dit op die dag van die ~~nuwemaan~~* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *oopgemaak word.* :3 *Ook moet die volk van die land aanbid voor die ingang van dié poort, op die sabbatte en op die ~~nuwemane~~,* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *voor die aangesig van YAH.* :6 .....*op die dag van die ~~nuwemaan~~:* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *'n jong bul sonder gebrek en ses lammers en 'n ram—sonder gebrek moet hulle wees;*
Amos 8:5 ..... *Wanneer is die ~~nuwemaan~~* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *verby, sodat ons koring kan verkoop,...* (Op Seisoen vernuwing koop en verkoop ons nie, soos die vers dit uitwys, maar as die maan 'n nuwe maan is gebeur daar niks behalwe om te gaan slaap).
1 Kron. 23:31 *en vir al die offer werk van die brandoffers aan YAH op die Sabbatte, op die ~~nuwemane~~* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *en op die feestye, in getal volgens die verordeninge daarvoor, gedurigdeur voor die aangesig van YAH.*
2 Kron. 2:4 *Kyk, ek gaan 'n huis bou vir die Naam van YAH my Skepper, om dit aan Hom af te sonder—om voor Sy aangesig reukwerk van speserye aan die brand te steek en die toonbrode gedurig reg te sit en die brandoffers smôrens en saans te bring op die Sabbatte en op die ~~nuwemane~~ (*Seisoen vernuwings) "nuwe maande" *en op die feestye van YAH onse Skepper—'n ewige verpligting op ~~Israel~~ Yashar'EL.*
2 Kron. 8:13 *Daarop moes hulle na die eis van elke dag offer volgens die gebod van Moses,op die Sabbatte en op die~~nuwemane~~(*Seisoen vernuwings) "nuwe maande"*en op die feestye, drie maal in die jaar—op die fees van die ongesuurde brode en op die fees van die weke en op die huttefees.*
2 Kron. 31:3 *En die bydrae van die koning uit sy goed vir die brandoffers was: die môre— en die aand brandoffers en die brandoffers vir die Sabbatte en die ~~nuwemane~~* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *en die feestye, soos voorgeskrywe is in die wet van YAH.*
Esra 3:4 *En hulle het die huttefees gehou soos geskrywe staan, en brandoffers dag vir dag volgens die getal, na die eis van elke dag, soos voorgeskrywe was;* :5 *en daarna die voortdurende brandoffer en dié van die ~~nuwemane~~ (Seisoen vernuwings) "nuwe maande" en van al die afgesonderde feestye van YAH en van elkeen wat aan YAH 'n vrywillige gawe gebring het.*
1Sam. 20:5 *Toe sê Dawid vir Jónatan: Kyk, môre is dit ~~nuwemaan~~,* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *en ek moet sekerlik met die koning saam aansit om te eet; maar laat my gaan, dat ek my wegsteek in die veld tot oormôre-aand (*M.a.w. oormôreaand is die seisoen vernuwing verby, maar tog bly die maan tenminste 3 dae 'n nuwe maan of baie na aan dieselfde vorm sonder dat jy 'n duidelik sigbare verandering kan sien).

1 Sam 20:18 *Verder het Jónatan vir hom gesê: Môre is dit ~~nuwemaan~~,* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *en jy sal gemis word, want jou sitplek sal leeg wees.*
1 Sam 20:24 *Daarop het Dawid hom in die veld weggesteek. En toe dit ~~nuwemaan~~* (Seisoen vernuwing) *"nuwe maand" was, gaan die koning aan die maaltyd sit om te eet—*
2 Kon. 4:*23 En hy sê: Waarom gaan jy vandag na hom? Dit is geen ~~nuwemaan~~* (Seisoen vernuwing) "nuwe maand" *of sabbat nie.....*

Nou om die "nuwe maande" van die jaar te bepaal moet ons die Skrif kalender uithaal.
In Ex. 12:1 staan: *En YAH het met Moses en Aäron in Egipte land gespreek en gesê:2 Hierdie maand moet vir julle die begin van die maande wees* (Waarvan daar 'vier' maande van 'n jaar is wat gevier word as Seisoen vernuwings. Ons weet dit is die maand Abib, maar Ex.12:1 gee nog nie op watter dag van die kalender ons is nie).
In Ex. 16:1 Staan: *Toe hulle van Elim af wegtrek, het die hele vergadering van die kinders van ~~Israel~~ Yashar'EL in die woestyn Sin gekom, wat tussen Elim en Sinai lê, op die vyftiende dag van die tweede maand ná hulle uittog uit Egipte land (*Hier in Ex.16:1 kry ons 'n dag van die tweede maand wat dit nou vir ons makliker maak om die kalender nou uit te werk.

Die Skrif kalender (Henog) se maand dae werk as volg: Die eerste maand het 30 dae; die tweede maand het 30 dae en die derde maand wat seisoen vernuwing is het 31 dae. Die vierde maand het 30 dae; die vyfde maand het 30 dae waarvan die sesde maand 31 dae wat weereens 'n seisoen vernuwing is. So gaan ons met dieselfde patroon deur tot die einde van die jaar, maar met die verskil dat die laaste maand van die jaar 32 dae het. Die 32 st dag is bekend as die "Agste dag" wat ook 'n fees dag is.

Ons kry nou baie wat kalenders uitwerk en wat dit so moeilik as moontlik maak dat dit wil voorkom dat net hulle 'n kalender na vore kan laat kom (geleerde mense). Hulle is kenners (misbruikers) van Henog, Jood, Grieke of die Roomse Gregoriaanse 'son en maan kalenders' vir ons kan uitwerk.

Hulle bereken vir ons mooi uit dat die aarde op 'n stadium stadiger om sy eie as gedraai het, want daarom die 30 dae maand siklus van Noag!(*Min wetend staan die aarde stil en die son beweeg*).Agas het daardie 30 "dae" mooi uitgewys dat die meeste 'n baie groot fout maak. Van oud tot nuwe Verbond het hulle met die grade van die skaduwee op die son horlosie gewerk. Die son horlosie is op verdeel in tydperke van 30 gardes (30°) 'n Dag is in ses tydperke op verdeel waarvan Noag daardie grade tyd gebruik het. Hy het die son se 360° baan rondom die aarde uitgewys nie 360 dae nie. Min wetend is die kalender duidelik vir ons in die skrif sonder om jou kop daaroor te breek.

Met die uitwysing wat Ex.12 en 16 vir ons deurgee het ons die kalender van YAH ontvang en dit lyk so:

Maand	Dae	Maand	Dae	Maand	Dae
Een	30	Twee	30	Drie	31
Vier	30	Vyf	30	Ses	31
Sewe	30	Agt	30	Nege	31
Tien	30	Elf	30	Twaalf	32
					365 dae

Maand Twee (Ex.16:1 die manna week)

S	M	D	W	D	V	S
						1
2	3	4	5	6	7	8
9	10	11	12	13	14	15
16	17	18	19	20	21	22
23	24	25	26	27	28	29
30						

Nou kan die eerste maand terug uit gewerk word vanaf die manna week en so ook vorentoe tot op die einde van die jaar. Die Skrif kalender herhaal homself elke 7 de jaar, dus kan jy redelik akkuraat uitwerk tot op die huidige lewensjare.

Om af te sluit moet die feeste in die Skrif kalender geplaas word. Die Joodse tradisie aanhangers kon nie wegkom met sekere feeste soos Pasga wat saam gaan met die ongesuurde brode wat net sewe dae in totaal is. Die fees van die weke (Pinkster) wat 7 weke na die ongesuurde brode is, en dan die Seisoen vernuwings op elke derde maand die 31 st.
Feeste wat hulle wel toe aan gekrap het was die Insameling (Hutte), Agste dag, Versoendag en Trompette fees. Weens die mane wat in die plek van maande gekom het, het hulle maklik aan die feeste gekrap.

Net ‘n vinnige gedagte. As Abib die eerste maand van die jaar is hoekom sal ons Insameling (Hutte) fees wat aan die einde van ‘n jaar moet wees die 7 de maand hou? Is jaar begin en jaar einde nie teen mekaar nie?.

Kom ons kyk wat sê Moses: Deut 31:10 *En Moses het aan hulle bevel gegee en gesê: Aan die <u>einde</u> van sewe jaar, op die bepaalde tyd van die jaar van kwytskelding, <u>op die huttefees</u>,*
Ex.34:22 Die fees van die weke moet jy ook hou,(Pinkster) *die fees van die eerstelinge van die koringoes; en die fees van die insameling* (Tabernakel) *<u>by die wisseling van die jaar</u>. Insameling <u>aan die einde van die jaar</u> as jy jou werk uit die land insamel.*
Ex.23:14-17 verder die fees van die oes, van die eerstelinge van jou werk, van wat jy op die land saai; en ook die <u>fees van die insameling aan die einde van die jaar</u> as jy jou werk uit die land <u>insamel</u>.

Deut.16:13 Die Tabernakel fees moet jy sewe dae lank hou as jy van jou dorsvloer en jou wynpers insameling hou.
Lees nou aandagtig : Deut.15:1; 16:13; 31:10; Ex.23:16; 34:22

Die Agste dag fees ondersteun mooi die Insameling fees.
*Neh. 8:16 ...: Trek uit op die gebergte en bring olyftakke en oliewenhout takke en mirte takke en palmtakke en takke van digte bome om hutte te maak ... (*kon hulle al die takke in die winter kry*?). Neh. 8:19 En hy het dag vir dag, van die eerste dag af tot die laaste dag toe, voorgelees uit die wetboek van YAH; en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening (*Kon hulle dit in die winter hou ?).
Lev 23:39 Maar op die vyftiende dag van die ~~sewende~~ maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van YAH sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag.
*Num.29:35 Op die agtste dag moet daar vir julle 'n feestyd wees; Neh. 8:19 ...en hulle het sewe dae lank fees gehou en op die agtste dag 'n feestyd volgens verordening (*Die agste dag is die laaste dag van die jaar en beteken dat dit die laaste geleentheid is vir inkom voor die deur gesluit gaan word).
Ex. 22:30;Deut.16:16; Neh.8:15-19; Joh. 7:2,37; Lev.23:34-36 *Sewe dae lank moet julle aan YAH 'n vuuroffer bring. Op die agtste dag* (lees mooi wat gesê word in die gelese stuk nl. : sewe dae, maar daar is 'n Agste dag ook) *moet daar vir julle 'n reine vierdag wees,...*(dit is die Agste dag viering aan die einde van die jaar; Oujaarsdag).
Job 31:25 As ek bly gewees het, omdat my vermoë groot was en my hand baie verwerf het;:26 as ek die sonlig aangesien het wanneer dit helder skyn en die maan wat so pragtig daarheen gaan,:27 en my hart heimlik verlei is, en ek met my hand hulle 'n kus toegewerp het— :28 ook dit sou 'n strafbare misdaad wees, want ek sou ons Skepper daarbo verloën het.

So wees gewaarsku (*aan al die wat aan die Jode se rok-band aan vas klou*) julle wat op die sewende maand onskriftuurlik feeste hou; Julle wat maklik verly word; Julle wat die nagtelike feeste wil vier; Julle wat gaan uitroep, maar ons het die feeste gehou; YAHUSHA sê: "Ek ken julle nie".

Ter afsluiting:
Daar is twee gelowe wat kop bo die ander uitsteek die afgelope tyd en dit is die Jodedom en die Moslem geloof. Beide van hulle werk hart in die geestelike wêreld vir nuwe rekrute. Hulle is hart besig om demone te laat aansluit as Moslems of Jode (*gevalle engele se kinders*). Kyk gerus na beide die gelowe se wreedaardigheid. Gaan op die internet en sien wat maak die Moslems (*so ook die Jode*) met die demone wat hulle sodanig uitdryf. Hulle vra vir die demoon of hy 'n Moslem wil word! Die Jode werk onder die wit volkere en die Moslems onder die baster volkere. M.a.w. Ha satan stel alreeds sy weermag in plek vir YAHUSHA se koms.

Kom uit haar uit volk van YAH